

# Saterdag 17 April

Skrifgedeelte: Filippense 3:1-16

Fokusgedeelte: Filippense 3:1

## Wees bly in die Here

Daar is 'n groot verskil tussen om gelukkig te wees en bly te wees. Geluk hang af van jou omstandighede. As die omstandighede goed is, is jy gelukkig en as dit nie goed is nie, is jy ongelukkig. Geluk is emosioneel en onstabiel. Geluk word bepaal deur dinge wat van buite kom. Blydskap aan die anderkant is stabiel, dit is nie emosioneel nie, dit is iets wat van binne kom, dit is 'n geskenk van God deur sy Gees.

In tye wat dit goed gaan, is dit nie maklik om te onderskei tussen mense wat blydskap beleef en mense wat gelukkig is nie. Maar wanneer daar moeilike omstandighede kom, is dit maklik om te onderskei. Die persoon wat gelukkig was, word ongelukkig; die persoon wat blydskap het, bly vol blydskap, want volgens vers 1 is blydskap in die Here.

Dit beteken blydskap is nie seisoenaal nie, dit is iets wat jy altyd het en beleef. Om bly te wees, is om aktief jou gedagtes en hart op die Here te rig. Blydskap is 'n opdrag van die Here, iets wat nie opsioneel is nie. Ware blydskap en vreugde is net bedoel vir dié wat alleen in die Here blydskap vind (Ps. 37:4; Ps. 16:11). Christus wil hê dat sy blydskap (Joh. 15:11) in ons sal wees en dat ons daardie blydskap sal leef, want so eer ons Hom ook. Hy het immers die angel uit die dood gehaal, so niks kan ons uit God se hand ruk nie. God is groter as enige van ons omstandighede, so ons kan bly wees in die Here.

As ons blydskap leef, maak nie saak wat ons omstandighede is nie, maak ons die Christelike geloof aantreklik vir die wêreld. Het jy so 'n blydskap?

*Sing: Psalm 100-1:1, 4*

*Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)*